Van Preekstoel tot Markplein
'n Perspektief Vanuit die Korporatiewe Sektor

Arnold Smit

My storie

Die kortpad van my storie is dat ek as 'n boerseun op die Wes-Kaapse platteland grootgeword het, teologie op Stellenbosch gestudeer het, diensplig gedoen het op Oudtshoorn en uiteindelik aangeland het in my eerste, en uiteindelike ook enigste, gemeente, Fontainebleau. Op die maat van hierdie gemeenteverbintenis was ek eers predikant en toe konsultant veral vir kerke en gemeentes, asook vir enkele gemeenskapsorganisasies en besighede. Tans is ek menslike hulpbronbestuurder by Channel Life, 'n maatskappy in die lewensversekeringsbedryf.

Hoe ek beland het waar ek tans is, is 'n storie vir 'n anderdag. Dat ek nou dikwels oor die kerk reflekteer vanuit my huidige posisionering, is onvermydelik. Onwillekeurig vra ek myself gereeld na die verskille tussen waar ek meer as tien jaar van my passie vir transformasie gespandeer het, naamlik in kerke en gemeentes, en waar ek tans in die korporatiewe sektor werk. My refleksies hieroor mag dalk op 'n paar senupunte in die kerk se lewe druk, maar dit is dan seker waaroor hierdie artikel behoort te gaan.

Gelykheid en diversiteit

Van Maandag tot Vrydag werk ek saam met en tussen mense van al Suid-Afrika se kulture, tale en gelowe. Van Maandag tot Vrydag dink en beplan ek saam met ander oor hoe ons Suid-Afrika, en spesifiek die laer inkomste mark, met ons lewensprodukte tot voordeel kan wees. Wanneer ek op 'n Sondag 'n erediens binnegaan, is dit so anders as my werksomgewing, so eendimensioneel, so wit en Afrikaans en so manlik ge-*dominee*-rd. Dan besef ek dat die ekumene van die markplein 'n inherente vanselfprekendheid vertoon. Daar werk ons skouer aan skouer aan skouer, kerkverband langs kerkverband, geloof langs geloof, geslag langs geslag terwyl ons 'n taal en kultuur ontwikkel wat ons help om met mekaar oor die weg te kom.

Toegegee dat diversiteit op die markplein nie noodwendig spontaan plaasvind nie, maar deur wetgewing voorgeskryf en gedryf word. Toegegee dat ons jaarliks aan die staat verslag moet doen oor ons doelwitte aangaande gelykheid in terme van ras en geslag. Die teenkant van die munt is egter dat 'n Bybelse visie op menswees binne gemeenskap per definisie diversiteit veronderstel. 'n Mens wil bly voel dat hierdie visie met moeite in die NG Kerk wortel skiet, dat die droom om konkreet uiting te gee aan 'n nuwe inklusiewe gemeenskap in en rondom Christus ons bly ontwyk.

Opleiding en ontwikkeling

My werk sluit die beplanning vir en die voorsiening van opleiding en ontwikkeling van die maatskappy se mense in. Die mark verwag meer as net goeie produkte van ons. Die mark verwag veral kwaliteit diens en derhalwe kwaliteit personeel, vaardige mense met kennis en betroubare integriteit. Die opleiding en ontwikkeling van ons mense is onverhandelbaar. Opleiding en ontwikkeling het te doen met die bereiking en handhawing van 'n kompeterende voordeel. Wat meer is, ons vermoë tot profyt het nie net te doen met die verwagtinge van aandeelhouers nie, maar

ook met ons verantwoordelikheid om die gesinne te voed en die ideale te finansier van mense wat afhanklik is van die inkomstepotensiaal van ons werknemers en die winsgewendheid van ons onderneming. Dis so anders as waar ek vandaan kom, van die kerk waar daar nog gedebatteer word oor die vraag of voortgesette opleiding vir predikante noodsaaklik en afdwingbaar is en waar baie dominees op die rand van angs beweeg wanneer hulle hulle kerkrade versoek om 'n kursus te kan bywoon.

Prestasiebestuur

'n Maatskappy se menslike hulpbronne is nie net een van sy belangrikste bates nie, maar ook 'n area van potensiële risiko. Die investering in menslike hulpbronne moet bestuur en beskerm word. Die meganisme daarvoor is prestasiebestuur. Deur prestasiebestuur word die werknemer herinner aan die koste van haar/sy arbeid vir die onderneming. Deur prestasiebestuur word daar ook vir die werknemer se voortgesette opleiding en ontwikkeling beplan. Die anderkant van die munt is dat die werknemer deur middel van die prestasiebestuursproses die ervaring het dat sy/hy raakgesien en erken word. Die gesprek oor prestasiebestuur vir predikante word, daarenteen, meestal met agterdog begroet en met teologiese beredenering teengestaan. So word die wesenlike bedoeling met prestasiebestuur gemis, naamlik om die opbrengs van 'n duur belegging in personeel te toets en vir die verdere ontwikkeling daarvan te beplan, indien nodig. Waar hierdie meganisme ontbreek, neig middelmatigheid om in te tree. En aangesien daar nie 'n ooreengekome raamwerk is waarbinne predikante se werk beplan en bestuur word nie, is uitbranding dikwels die eindresultaat vir vele van hulle. Waar daar nie terugvoer is nie en waar daar nie 'n gedefinieerde horison is waarteen 'n dag se werk kan afspeel nie, begin 'n gevoel van vanselfsprekendheid en nuttelosheid inkruip.

Spiritualiteit

Hierdie is die groot verrassing van die markplein. Daar heers 'n lewende spiritualiteit wat nie onder 'n naam gebring kan word nie. Dit kan nie met "gereformeerd" of "charismaties" benoem word nie. Dit kan wel in 'n sekere sin "katoliek" genoem word, met ander woorde inklusief en multidimensioneel. Die evangelie is ook nie net in christelike gestalte in hierdie spiritualiteit teenwoordig nie. Die grense vervaag en die christelike evangelie lê soms so iewers tussen-in, so tussen die gelowe, soos wanneer Christene, Moslems, Hindoes en Jode saam oor God begin praat, maar sonder om God te probeer definieer. Dit is 'n ryk spiritualiteit wat veral gevoed word deur swart Afrikane se vrymoedige gesprek oor hulle geloof, oor hulle ervaring van hoe God vir hulle sorg. Dit is 'n spiritualiteit waarbinne ek 'n nuwe paradigma moes aanleer, naamlik dat ek nie daar is om die christelike geloof te verdedig nie, maar om die genade van die christelike evangelie met ander te deel. Die kerk het my nie voorberei vir hierdie soort lewe nie. En terwyl ek 'n predikant was, het ek lidmate ook nie voorberei daarvoor nie. Met 'n blik vanaf die markplein begin ek verstaan hoe residensieel gebonde ons teologie en pastoraat steeds is. Terwyl lidmate 'n spiritualiteit vir 'n diverse werkmag binne globale ekonomie moet aanleer, bly die kerk se teologie en bediening in die woonbuurt vasgevang.

Dit is 'n spiritualiteit waarbinne ek 'n nuwe paradigma moes aanleer, naamlik dat ek nie daar is om die christelike geloof te verdedig nie, maar om die genade van die christelike evangelie met ander te deel.

Ten slotte

Hierbo het ek op die verskille tussen die kerk en die markplein gefokus met die bedoeling om 'n paar sake uit te lig wat miskien verdien om weer in die kerk oor gedink te word. Daar het wel ook 'n verrassende gestalte van kontinuïteit in hierdie verhaal te voorskyn getree: al het ek 'n organisatoriese rolbeskrywing is ek steeds teoloog en pastor, in 'n multikulturele en multi-geloof omgewing. Parker Palmer skryf in "The Company of Strangers" die volgende:

> *"In this sense, everyone, Christian or otherwise, is included in the body of Christ - included not within an organizational framework or a theological point of view, but included within a community of compassion."*